
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 43 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 8 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 12 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 16 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 22 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 26 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 30 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Opdrag" | 18 | 35 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Kringloop" | 17 | 38 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Die dans van die reën" | 18 | 39 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Eksamenlokaal" | 17 | 41 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou. Indien die woord 'n dialekvorm is, word dit aanvaar.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik, kontras, ooreenkoms, verskil, ironie, verband of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant gestel word en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met kolpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

 SA EXAM PAPERS Proudly South African 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | verraaier/opstandeling/opstoker/spioen/spaai | 1 |
| 1.1.2 | Knysna | 1 |
| 1.1.3 | Joram(pie)/Jozef se seun | 1 |
| 1.1.4 | vier/4 | 1 |
| 1.2 | Oupoot was Saul se dierbroer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3.1 | ironies | 1 |
| 1.3.2 | • Saul was die persoon wat ...<br>○ altyd die Bos probeer beskerm het.<br>○ probeer het om die olifante te beskerm.<br>○ die gouddelwery probeer beperk/stop het.<br>○ vir die houtkappers probeer veg het by MacDonald/ houtkopers in die dorp.<br>○ vir Kate van die belangrikheid van die Bos vertel het.<br>○ uiteindelik die Bos gered het deur vir die bosmense werk te voorsien/hulle regverdig betaal het vir wat hulle lewer.<br>• Saul het uiteindelik besluit om nie op die *Pictor* weg te gaan nie/in die Bos te bly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde Die antwoord op VRAAG 1.3.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.3.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.4 | Saul het ...<br>• geweet waar Oupoot gewoonlik was.<br>• Oupoot se paaie deur die Bos geken.<br>• die kortpaaie beter as Freek geken.<br>• hulp in die Bos gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.5 | Saul se lewe in die Bos:✓<br>• Die familie was arm.<br>• Hulle het net oorleef/net van *goodfors* geleef/op skuld geleef.<br>• Hulle het nie behoorlik kos gehad nie/van patats geleef.<br>• Saul het nie skoene gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Saul se lewe in Knysna: ✓<br>• Saul was ryk.<br>• Saul het in die sosiale kringe van Knysna beweeg.<br>• Saul was by niemand in die skuld nie.<br>• Saul kon sy eie eiendom bekostig.<br>• Saul kon behoorlike klere/skoene bekostig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.6.1 | C/... het nie verstaan dat Saul anders dink en doen as die Bosmense nie. | 1 |
| 1.6.2 | E/... het die Bosmense bedrieg en beledig. | 1 |
| 1.6.3 | B/... het direk vir Saul gesê dat hy verkeerd optree teenoor die ander mense in die Bos. | 1 |
| 1.6.4 | A/... het nie verstaan waarom Saul nie wou geld maak uit die Bos nie. | 1 |
| 1.7 | D/vryheid | 1 |
| 1.8 | C/bekommerd | 1 |
| 1.9 | • Niks van die situasie was Maska se skuld nie.<br>• Maska wou Saul net help.<br>• Maska was net die boodskapper.<br>• Maska wou albei partye beskerm.<br>• Maska was vir Saul sy mensbroer.<br>• Maska wou ook net vir Oupoot beskerm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | Saul ...<br>• praat in kort sinne.<br>• vra baie vrae.<br>• gee baie opdragte.<br>• sê nie asseblief/dankie nie.<br>• praat kortaf met Maska.<br>• is ongeduldig/amper vermakerig/beklemtoon dat hy nie eintlik Maska se geweer nodig het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.11 | • Saul het in MacDonald se skuur gaan bly.<br>• Saul het vir Patterson Bos toe geneem.<br>• Saul het op Swellendam geleer om meubels te maak.<br>• Kate het die hoekerf namens Saul gekoop.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.12 | • Saul probeer Oupoot teen die Bosmense beskerm.<br>• Jy moet 'n keuse maak tussen jou dierbroer en die Bosmense.<br>• Saul stry om die Bos te beskerm.<br>• Saul stry om die Bosmense te oorreed om die regte ding te doen/laat sien dat hulle die Bos vernietig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13 | Saul het ...<br>• besef dat die Bosmense in liegstories glo.<br>• met sy pa en Jozef gestry.<br>• die Bosmense se manier van doen bevraagteken.<br>• sy eie opinie oor dinge begin vorm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14.1 | onseker | 1 |
| 1.14.2 | • As Saul vir Oupoot skiet, gaan hy homself skade aandoen/vir altyd met die skuld moet saamleef dat hy sy dierbroer geskiet het.<br>• As Saul nie vir Oupoot skiet nie, gaan iemand anders/Terblans vir Oupoot skiet wat vir hom 'n vernederende dood gaan wees.<br>• Saul dink dat hy Oupoot dalk nie moet skiet nie, maar hom vir die res van sy lewe moet beskerm.<br>• Saul wonder of hy moet terugdraai *Pictor* toe, maar dan sal die Bos geen beskerming hê nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.14.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.14.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.15.1 | metafoor | 1 |
| 1.15.2 | Saul is moeg vir ...<br>• al die vernietiging in die Bos.<br>• die uitskiet van die olifante.<br>• die houtkopers wat die houtkappers uitbuit.<br>• die diskriminasie/vernedering van die Bosmense.<br>• MacDonald wat hom gedurig onderdruk en wil vernietig.<br>• die beskuldigings van die Bosmense teenoor hom.<br>• sy familie wat hom sleg behandel.<br>• die skuld wat Oupoot moet dra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16 | Oupoot ...<br>• het geweet dat Meulbos vernietig is.<br>• het geweet dat Meulbos nou 'n dorp is.<br>• wou Saul na Meulbos lok (om die vernietiging te sien).<br>• wou hê dat Saul weer verantwoordelik moet voel vir die bewaring van die Bos.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17.1 | • Jozef/Saul se broer<br>• Freek Terblans/Freek/Terblans/die man wat Oupoot wou skiet.<br>• Aanvaar ook by implikasie: Sanna<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17.2 | Saul het bedoel dat ...<br>• hy nie hulle hulp nodig het nie.<br>• hy iewers anders sal kos kry.<br>• hy self sal regkom.<br>• kos hom nie gaan pla nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18 | Kate het ...<br>• objektief gebly in die situasies tussen die Bosmense en die dorpsmense.<br>• ongeag die moeilike omstandighede vir die delwers se kinders gaan skoolhou.<br>• teen haar pa se wil opgetree en steeds die hoekerf vir Saul gekoop.<br>• mense aangespreek oor die dinge wat hulle verkeerd doen, ongeag wie hulle is.<br>• die balans probeer behou om nie kant te kies nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.1 | Saul het besluit om ...<br>• nie meer weg te gaan nie.<br>• die Bos nie sonder genade te laat nie.<br>• 'n houtbesigheid te begin.<br>• die Bos te beskerm deur net hout te koop met die boswagter se merk op.<br>• vir Kate te vertel dat hy gaan bly/van sy toekomsplanne te vertel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.19.2 | Ek het geleer dat ...<br>• familie moet saamstaan/mekaar moet help/mekaar moet bystaan/daar moet wees vir mekaar.<br>• jy jou familie se behoeftes altyd eerste stel.<br>• jy moet vergewe en vergeet.<br>• as jy iets tot voordeel van jou familie kan doen, moet jy dit doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.3 | • Kate en Saul kon hulle verhouding versterk/kon hulle lewe saam begin.<br>• Kate kon Saul op die regte pad help/hom in die Bos hou waar hy moes wees.<br>• Kate het Saul die geleentheid gegee om die Bosmense te kan help.<br>• Kate het Saul laat besef wat sy doel in die lewe is.<br>• Kate kon haar liefde aan Saul bewys.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | verfkwaste | 1 |
| 2.1.2 | Tafelberg | 1 |
| 2.1.3 | alter-ego | 1 |
| 2.1.4 | Beyers | 1 |
| 2.2.1 | metafoor | 1 |
| 2.2.2 | • Tibo se pa is van glas gemaak.<br>• Tibo se pa is 'n proefbuis.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.3.1 | Die plan verwys na die (familie)vakansie/wittebrood (op die berg). | 1 |
| 2.3.2 | • Dit pla haar dat die vakansie in 'n verlate huis op 'n verlate berg is.<br>• Hanna voel dat hulle nie werklik nodig het om mekaar beter te leer ken nie.<br>• Sy voel die doel van die vakansie gaan nie bereik word nie.<br>• Hanna voel dit is vreemd dat die gesin saam op wittebrood moet gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.4 | • Hanna het nie besef watter opofferings Mana moes maak om hulle almal saam te vat op die vakansie nie.<br>• Mana het net goeie bedoelinge gehad.<br>• Hanna dink net die heeltyd aan haarself/haar eie behoeftes.<br>• Hanna besef nie dat sy Mana eintlik seermaak deur so negatief te wees nie.<br>• Hanna sien nie die groter prentjie raak nie/verstaan nie die doel van die vakansie nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.5 | • Hanna voel dat daar nie privaatheid is nie.<br>• Hanna voel almal in haar gesin is die heeltyd in haar spasie.<br>• Haar gesin irriteer haar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.6 | • Hanna se gesin sou meer geld gehad het.<br>• Hanna sou in 'n beter huis kon woon.<br>• Hanna sou 'n meer normale lewe gehad het/'n pa met 'n normale beroep gehad het.<br>• Hanna was nie tevrede met haar tande nie./Daar was 'n gaping tussen haar tande./Mana wou niks aan haar tande laat doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk as bogenoemde)* | 1 |
| 2.7 | C/geïrriteerd | 1 |
| 2.8 | • Baie negatiewe dinge word genoem.<br>• Die woord *seker* wat kursief/skuinsgedruk is<br>• Die herhaling van die woord "ek"<br>• Hanna beklemtoon dat sy nie meer wonder nie.<br>• Woordgebruik: fout, as baba omgeruil, verkeerde, wonder lankal nie meer nie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9.1 | D/... het besluite namens Hanna geneem. | 1 |
| 2.9.2 | E/... het nie veel van Hanna se skryftalent gedink nie. | 1 |
| 2.9.3 | A/... het nie Hanna se privaatheid gerespekteer nie. | 1 |
| 2.9.4 | C/... het aggressief teenoor Hanna opgetree. | 1 |
| 2.10 | • Sharon se pa het haar na Hanna-hulle toe gebring.<br>• Mana en Beyers het gehoor dat Margot ook sou kom kuier.<br>• Gavin het vol modder by die huis op die berg opgedaag.<br>• Hanna het die sussie gekry wat sy so graag wou hê.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.11 | B/aanvaarding van haar as mens. | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.12.1 | ironies | 1 |
| 2.12.2 | • Gavin en Hanna het nog nooit werklik iets saam gedoen nie./Gavin was net 'n stem oor die foon.<br>• Gavin het nog altyd geskenke vir Hanna gestuur, maar nooit iets waarvan sy gehou het nie.<br>• Hanna wou nog nooit iets aan Gavin bewys nie, want sy het hom nie geken nie.<br>• Gavin was (vir 14 jaar) nie deel van Hanna se lewe nie/'n afwesige pa.<br>• Hanna weet nie of hy beïndruk sal wees met wat sy nou moet doen nie.<br>• Hanna was bekommerd dat Gavin haar gaan kritiseer eerder as prys/bevestig wat sy nog die heeltyd van haarself gedink het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.12.2 te verdien.)* | 1 |
| 2.13.1 | voorkoms | 1 |
| 2.13.2 | Hanna ...<br>• voel dat sy nie mooi is nie.<br>• vergelyk haarself altyd met ander (soos Sharon).<br>• sien nie die mooi wat ander in haar sien nie.<br>• dink nie sy is 'n poplap nie/sien haarself as 'n vaal muis.<br>• dink nie sy het iets om te wys nie.<br>• sien net haar foute raak.<br>• sien haarself as niks besonders nie.<br>• voel sy word soos 'n sirkushond vertoon al het sy nie iets om te wys nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.13.2 te verdien.)* | 1 |
| 2.14 | • Margot moes Johannesburg toe gaan.<br>• Margot het 'n rol in 'n Suid-Afrikaanse TV-reeks gehad.<br>• Die TV-reeks sou in Johannesburg geskiet word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.15 | Gavin en die kinders het partytjie gehou/tot in die nag gedans./Gavin het 'n diskodans op die kombuistafel gedemonstreer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.16 | Hanna se gesin by die huis in Kaapstad: ✓<br>• Elkeen het hul eie ding gedoen.<br>• Die gesin het net bymekaar uitgekom as hulle geëet het.<br>• Hulle het nie aktiwiteite saam gedoen nie.<br>• Hulle het mekaar nie werklik geken nie.<br>• Hulle het gereeld baklei/gestry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Hanna se gesin by die huis op Botterberg: ✓<br>• Die gesin het meer aktiwiteite saam gedoen. *(Kandidaat kan individuele aktiwiteite noem.)*<br>• Hulle het mekaar beter leer ken.<br>• Die gesin het saam gewerk (tydens Ditjie se geboorte, take in die huis verrig).<br>• Hulle was meer gereeld in mekaar se spasie/geselskap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.17 | Sharon het ...<br>• vir Hanna probeer wys dat sy moet bou aan haar verhouding met haar familie.<br>• vir Hanna probeer wys dat sy eintlik gelukkig met haar groot gesin is/die gesinslewe moet waardeer.<br>• vir Hanna gewys dat Margot ook goeie punte het/haar aangespreek as sy slegte goed van Margot gesê het.<br>• vir Yann uit sy dop laat kruip/deel gemaak van alles waarmee hulle besig was.<br>• dadelik van Gavin gehou/gedink dat Gavin 'n goeie/fantastiese mens is.<br>• heeltyd optimisties gebly (nie gekla oor die eenvoudige omstandighede op die berg nie)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.18 | Margot het …<br>• haar mooi laat voel oor haarself.<br>• haar spesiaal laat voel op haar verjaarsdag.<br>• vir Mana gehelp tydens Ditjie se geboorte/gewys dat sy kan raakvat in moeilike omstandighede.<br>• vir Hanna gewys dat sy nie vals is/net voorgee nie.<br>• vir Hanna gewys dat sy nie nodig het om karakters op te maak nie/haar lewe uniek genoeg is vir 'n roman/verhaal.<br>• vir Hanna gewys hoe om sterk te staan/leiding te gee in 'n krisissituasie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.19.1 | Yann en Tibo kon ...<br>• albei vir Margot beter leer ken.<br>• Margot, die aktrise, leer ken.<br>• sien dat Margot 'n plek in die nuwe gesin het.<br>Yann kon ...<br>• tyd saam met sy ma deurbring.<br>• die verhouding met sy ma herstel.<br>• planne vir die toekoms saam met sy ma maak.<br>• saam met Amos planne maak om weer hulle ma te sien.<br>• tyd saam met Sharon deurbring.<br>Tibo kon ...<br>• met Margot oor Amerika/akteurs/bekende mense gesels.<br>• later vir almal vertel hy het 'n aktrise uit Amerika ontmoet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19.2 | Ek het geleer dat ...<br>• jy vir mense iets moet gee waarvan hulle hou/wat hulle belangstellings aanspreek.<br>• jy vir iemand iets moet gee wat vir hom/haar belangrik is.<br>• ek moeite moet doen met die geskenke wat ek vir mense gee.<br>• jy deur die geskenk moet wys dat jy die persoon ken.<br>• jy iets moet gee wat die persoon gaan waardeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19.3 | Hanna het besef dat ...<br>• elkeen 'n plek in haar gesin het.<br>• Gavin is soos hy is/nie voorgee nie/'n prettige persoon is.<br>• Margot eintlik 'n goeie mens is/krisissituasies kan hanteer/nie so erg gefokus is op haarself soos Hanna gedink het nie.<br>• al wou sy nie nog 'n familielid gehad het nie, sy nou baie lief is vir haar sussie/haar met haar lewe sou beskerm.<br>• haar lewe met die aangelapte gesin baie meer opwindend is as wat sy eers gedink het.<br>• haar gesin vir haar genoeg inspirasie bied vir haar roman.<br>• al is haar boeties irriterend, speel hulle tog 'n belangrike rol in haar lewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Twilight | 1 |
| 3.1.2 | Salamanderbaai | 1 |
| 3.1.3 | Meeuw | 1 |
| 3.1.4 | Ronnie | 1 |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.2 | Ryna het ...<br>• vir drie jaar daar gaan werk.<br>• met die navorsing gaan help/as Jacob se assistent opgetree.<br>• sketse oor kusvoëls gemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.3 | Janka ...<br>• is geskiet.<br>• is amper dood.<br>• moes hospitaal toe/weg van Meeuland af gaan.<br>• moes vir lank rehabilitasie aan haar been ondergaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.4 | Elsabet het ...<br>• net aan haarself en haar eie behoeftes gedink.<br>• vir niemand vertel dat sy die eiland sou verlaat nie.<br>• Jacob/haar huwelik/haar huis sommer net so gelos.<br>• Janka eintlik by 'n vreemdeling gelos/by iemand gelos wat sy nog nie werklik geken het nie.<br>• haar verantwoordelikheid teenoor Janka iemand anders se verantwoordelikheid gemaak.<br>• Ryna met geen ander keuse gelaat as om Janka te versorg nie.<br>• nie omgegee oor hoe Ryna oor die saak voel nie.<br>• nie omgegee of Ryna gereed/bereid was om Janka te versorg nie.<br>• saam met 'n ander man weggeloop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.5.1 | ironie | 1 |
| 3.5.2 | Elsabet los nou haar eie nes/huis/gesin/kind onbewaak/alleen/ in iemand anders se sorg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 3.6.1 | 'n metafoor | 1 |
| 3.6.2 | • Sy het Meeuland vir 'n laaste keer gesien.<br>• Hierdie is soos 'n afskeid./Sy weet sy gaan nooit weer terugkom nie.<br>• Sy sal dit altyd onthou.<br>• Elke keer as sy aan Meeuland dink, is die prentjie van die duikerkuiken wat gevang word in haar gedagtes.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7 | A/onregverdig | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.8 | Die verhoudings met die Blanckenbergs: ✓<br>• Niemand het Elsabet welkom laat voel nie.<br>• Elsabet het geen ondersteuning van die Blanckenbergs gehad nie.<br>• Fred was ontrou aan Elsabet.<br>• Haar stiefkinders het haar sleg behandel.<br>• Skalla het homself op haar afgedwing.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>Die verhoudings op Meeuland: ✓<br>• Almal het Elsabet aanvaar/Elsabet deel van Meeuland gemaak.<br>• Almal op Meeuland het Elsabet ondersteun (veral tydens haar swangerskap).<br>• Jacob was getrou aan Elsabet.<br>• Janka was lief vir haar.<br>• Attie en Jannerik was positief ingestel teenoor haar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.9.1 | C/... het met Fred baklei omdat hy sonder 'n permit op die eiland was. | 1 |
| 3.9.2 | A/... het op Elsabet geskree omdat sy Sheila se portret verwyder het. | 1 |
| 3.9.3 | E/... het Elsabet aangespreek omdat sy te veel gedrink het. | 1 |
| 3.9.4 | B/... het Fred afgepers om die seegraskonsessie te kry. | 1 |
| 3.10 | • Ryna het vir Jacob van haar verlede vertel.<br>• Ryna en Jannerik het 'n wildevy geplant.<br>• Ryna het vir Fred vertel dat Janka sy kind is.<br>• Ryna en Janka het saam in Ousanna se huis gaan bly.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.11.1 | Ryna, Jacob en Jannerik het besluit dat Kinnie se baba Elsabet se baba sou word.<br>(*Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.11.2 | • Daar was 'n baba wat 'n ma nodig gehad het/'n ma wat 'n baba wou hê.<br>• Elsabet se baba is dood.<br>• Kinnie/Janka se ma is dood met Janka se geboorte.<br>• Niemand het geweet hoe om vir Elsabet te sê dat haar baba dood is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.12 | • Dit het sy probleem met Kinnie se baba opgelos.<br>• Aangesien Kinnie se kind op Meeuland gebly het, kon hy self daar wees en met die kind/Janka help.<br>• Jannerik sou elke dag deel van haar lewe kon wees.<br>• Jannerik was seker dat sy goed versorg sou word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.13 | Die skrywer ...<br>• dui aan dat Ryna wens dat Ousanna haar kan sien.<br>• beeld uit hoe Ousanna haar hand soekend na Ryna uitsteek.<br>• beeld uit hoe Ryna Ousanna se hand in hare neem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.14 | Doreen het bedank omdat sy verlief was op die skoolhoof (Jason Peters).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| 3.15.1 | wie vir haar man en kind se dood verantwoordelik was | 1 |
| 3.15.2 | Ryna het ...<br>• onthou van die jong blonde man met die tatoeëermerk wat die aand in hulle huis was.<br>• besef dat dit Skalla/Schalk Blanckenberg was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde Die antwoord op VRAAG 3.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.15.2 te verdien.)* | 1 |
| 3.16 | Ryna moet ...<br>• na Doreen luister.<br>• vir Doreen die geleentheid/kans gee om te praat oor hoe sy voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.17 | C/kon aanvoel as iets nie reg is nie. | 1 |
| 3.18 | Jannerik het ...<br>• mense onvoorwaardelik aanvaar.<br>• werklik na mense geluister.<br>• goeie/wyse raad gegee.<br>• altyd gehelp waar hy kon.<br>• nie gekritiseer/geoordeel/geskinder nie.<br>• volgens sy waardes/sy geloof gelewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.19.1 | Ryna het ...<br>• 'n pos by Salamander-Suid aanvaar.<br>• Ousanna se huis gekoop.<br>• haar verhoudings met almal op Meeuland en Salamanderbaai behou.<br>• saam met Janka weer gevoel sy hoort iewers.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.19.2 | Ek leer dat ...<br>• jy nie moet bly lê nie/altyd weer moet opstaan.<br>• my verlede nie my toekoms bepaal nie.<br>• mense tweede kanse kry en dit moet benut.<br>• enigiets/alles moontlik is as ek dit wil laat werk.<br>• daar mense oor jou pad kom wat jou wil help.<br>• ek een dag op 'n slag moet vat soos dit kom.<br>• ek oop moet wees vir verandering.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.19.3 | Ryna ...<br>• het weer vastigheid gekry/'n doel gehad om voor te leef.<br>• kon vir Jannerik 'n blyplek gee.<br>• het vir Jacob gewag terwyl hy in die tronk was.<br>• (en Jannerik) kon vir Janka oppas (terwyl Jacob in die tronk was).<br>• kon Ousanna se huis behoue laat bly het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | jaar/jaar en 'n half | 1 |
| 4.1.2 | Jakaranda | 1 |
| 4.1.3 | (familie/gesins)-video's/kasset(te)/films/flieks | 1 |
| 4.1.4 | Bets | 1 |
| 4.2 | • Sy het te veel gedrink/is 'n alkoholis/is gewoonlik geel.<br>• Wanneer sy baie gedrink het, wou sy net slaap/het sy in niks anders belanggestel nie/wou sy nie eet nie/het sy gereeld 'n *runny tummy* gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3 | • Sy het haar werk (by Binnelandse Sake) verloor.<br>• Sy het (dalk) bedank.<br>• Lien se ma is afgedank.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.4 | D/gewoond was aan hierdie optrede van hulle ma. | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



<table>
<tr><th>VRAAG</th><th>ANTWOORD</th><th>PUNT</th></tr>
<tr><td>4.5</td><td>Die lewe in die woonstel: ✓<br>• Die pa is in die tronk/afwesig/nie daar nie.<br>• Die ma is gereeld besope/gaan nie gereeld werk toe nie/gee nie aandag aan die kinders se behoeftes nie/doen nie die dinge wat 'n ma gewoonlik doen nie.<br>• Die ma doen nie lekker/vrolike dinge saam met die kinders nie/speel nie meer klavier nie.<br>• Daar is min geld vir kos./Hulle eet amper altyd dieselfde kos.<br>• Die yskas en koskaste is leeg.<br>• Hulle moet sonder sekere dinge klaarkom.<br>• Die woonstel is klein en in 'n gemiddelde woonbuurt./Hulle is vasgevang op die tweede verdieping.<br>• Ander mense help hulle met kos.<br>• Hulle het nie meer troeteldiere/hondjies nie.<br>• Hulle is ongelukkig.<br>• Hulle het nie 'n swembad nie/kan nie as gesin saam braai nie.<br>• Dit is nie lekker nie.<br>• Hulle het nie hulle eie tuin nie.<br>Die vroeëre lewe: ✓<br>• Die pa was deel van die gesin.<br>• Die ma het met liefde/omgee teenoor die kinders opgetree.<br>• Die ma het dinge saam met die kinders gedoen/het vir hulle klavier gespeel.<br>• Daar was genoeg geld.<br>• Die huis was mooi/groot en in 'n gegoede buurt.<br>• Hulle het 'n swembad gehad/as gesin saam gebraai.<br>• Hulle het troeteldiere/honde gehad waarvoor hulle lief was.<br>• Hulle was gelukkig.<br>• Hulle het 'n mooi tuin gehad.<br>• Die lewe was vir hulle lekker.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Bv. Indien 'n kandidaat slegs skryf: "Hulle het nie 'n swembad nie." verdien die kandidaat slegs EEN punt. Sou die kandidaat skryf: "Hulle het nie meer/hier/nou 'n swembad nie." verdien die kandidaat TWEE punte.)</td><td>2</td></tr>
<tr><td>4.6.1</td><td>Na ...<br>• Lien/Braam se pa<br>• Lien en Braam se pa<br>• hulle pa<br>(Enige EEN)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>4.6.2</td><td>• Lien is kwaad vir haar pa/verkwalik haar pa/haat haar pa omdat hy hulle in die situasie laat beland het waarin hulle nou is.<br>• Indirek is dit haar pa se skuld dat sy moet bedel vir geld om aan die lewe te kan bly.<br>• Haar ma se probleem met drank is omdat sy nie haar gesin se dilemma kan hanteer nie.<br>• Lien het gevoel dat hy hulle lewens verwoes/ontwrig het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
</table>

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.7.1 | verantwoordelik | 1 |
| 4.7.2 | • Sy doen die dinge wat haar ma moet doen/maak planne/bedel om kos in die huis te kry/is bekommerd oor haar ma en die werk.<br>• Sy maak Braam se broek reg.<br>• Sy het planne gemaak om Braam se hare te laat sny.<br>• Sy het probeer om 'n borg vir Braam se krieketspan te kry.<br>• Sy het haar ma in die kliniek gaan besoek.<br>• Sy het by verskillende plekke gewerk om geld te verdien.<br>• Sy het vir haar ma 'n sms in die kliniek gestuur.<br>• Sy het vir haar ma die Chopin-CD gevat, (want sy het geweet haar ma mis die musiek).<br>• Sy het na Braam se krieketwedstryd gaan kyk.<br>• Sy het vir Braam en Deon Oros gegee toe Deon daar gekuier het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.7.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.7.2 te verdien.)* | 1 |
| 4.8 | • Braam het met niks gehelp nie.<br>• Hy was dikwels nie by die woonstel nie.<br>• Hy het nie planne gemaak om geld te verdien/enige geld bygedra nie.<br>• As hy wel tuis was, het hy die hele tyd televisie/video's gekyk.<br>• Braam het te dikwels by vriende gaan kuier/al hoe meer by Deon gekuier.<br>• Braam het nie vir sy ma/pa in die kliniek/tronk gaan kuier nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.9.1 | E/... het veroorsaak dat Lien meer pligte gehad het om uit te voer. | 1 |
| 4.9.2 | C/... het probeer om werkers uit te buit. | 1 |
| 4.9.3 | A/... het Lien eers as kompetisie by die bedelplek beskou. | 1 |
| 4.9.4 | D/... het heeltemal die verkeerde idee gehad van wat Lien op die straathoek doen. | 1 |
| 4.10 | • Lien het 'n pruik en 'n brilletjie uit die rekwisietekamer geleen.<br>• Lien se ma het dronk by die skool opgedaag.<br>• Lien het by Miemie se huis gaan kuier.<br>• Lien het Hein se hulp met Tibbey se karretjie gevra.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 4.11.1 | ironies | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.11.2 | • Dis haar pa wat die gesin in hierdie finansiële situasie/ moeilikheid laat beland het.<br>• Hy moes voor die tyd gedink het aan die konsekwensies/gevolge van sy oortreding. *(Kandidaat kan met voorbeelde uitbrei.)*<br>• Hy moes van beter geweet het.<br>• Hy wat die probleme vir sy gesin veroorsaak het, het nooit eens uitgevind hoe dit met hulle gaan nie/het by sy broer gehoor dat sy gesin sukkel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.11.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.11.2 te verdien.)* | 1 |
| 4.12 | • Die studiepolisse is nie gebruik om die pa se skuld te betaal nie.<br>• Niemand het die geld van die studiepolisse gebruik nie.<br>• Die studiepolisse is nog veilig.<br>• Die geld om te kan studeer, was nog veilig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.13 | Lien se pa was in die tronk omdat hy geld verduister/gesteel het/bedrog gepleeg het/('n) skelm was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.14.1 | 'n metafoor | 1 |
| 4.14.2 | Lien ...<br>• is nie meer haar pa se klein dogtertjie nie/het grootgeword/ volwasse geword.<br>• is nie meer hulpeloos/onskuldig nie.<br>• het groot/onafhanklik/selfstandig geword.<br>• het emosioneel wegbeweeg van haar pa af.<br>• was nie meer so onvoorwaardelik lief vir hom soos toe sy klein was nie.<br>• se pa het besef dat hy sy kind seergemaak het/tyd saam met sy kind gemis het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| 4.15 | B/Lien se behoefte om haar pa te vergewe. | 1 |
| 4.16 | Lien wys dat...<br>• jy nie vir altyd kwaad kan bly vir iemand nie.<br>• as jy verhoudinge wil herstel, moet jy die ander persoon vergewe/nie meer verwyt nie.<br>• jy soms die eerste stap moet neem om met iemand te gaan praat.<br>• wanneer jy iemand vergewe, word dit ligter in jou.<br>• jy begrip moet hê vir ander se swakhede.<br>• al doen jou pa wat ookal verkeerd, hy bly jou pa.<br>• sy omgegee het, want sy het vir hom droëwors gevat.<br>• almal 'n tweede kans verdien.<br>• dit goed is om eerlik te wees met jou ouers/oor jou gevoelens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.17 | Lien het ...<br>• meer begrip vir haar ma se probleem gekry.<br>• besef dat almal nie ewe sterk is/probleme dieselfde hanteer nie.<br>• besef dat haar ma regtig probeer het (om beter te word).<br>• besef dat dit nie vir haar ma maklik was nie.<br>• besef sy het ook skuld omdat sy nie met haar ma oor alles gepraat het nie.<br>• besef dat haar ma te seer gehad het om hulle te ondersteun/vir hulle liefde te wys.<br>• besef dat haar ma haar en Braam se ondersteuning nodig gehad het.<br>• gesien dat haar ma weer in kerk en musiek belangstel.<br>• nou rustiger geraak oor die situasie omdat haar ma hulp gekry het/hulp aanvaar het.<br>• nou hoop gehad dat dinge vir haar gesin beter sou word.<br>• nou gelukkiger gevoel nadat sy haar ma besoek het.<br>• haar ma en so ook haar pa vergewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.18 | Die skrywer ...<br>• noem dat hy studiepolisse vir die kinders gehad het.<br>• wys dat hy vir Lien jammer gesê het dat hulle sukkel.<br>• sê dat Lien se pa so gou as moontlik iets wil doen om die gesin te help.<br>• sê dat Lien se pa selfs iets waarmee hy nie goed is nie, sal doen om hulle finansieel te help.<br>• laat Lien ook dink aan hoe goed haar pa vir hulle gesorg het/hulle lewe vroeër gelyk het/haar pa baie tyd saam met sy gesin deurgebring het.<br>• gebruik die ou tuisvideo's wat Braam kyk om vir die leser te wys dat die pa goeie goed gedoen het. *(Kandidate kan voorbeelde van die inhoud van die video's ook gee.)*<br>• sê hoe trots hy op Lien was as sy goed presteer het.<br>• sê dat hy toekomsdrome oor hom en Lien saam in 'n praktyk gehad het.<br>• beskryf hom as iemand wat berou het.<br>• sê dat hy die video-kamera probeer regmaak het.<br>• dui in die Naspel aan dat die pa saam met sy gesin met vakansie was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.19.1 | Lien het ...<br>• meer vriende gehad/deel van 'n groep geword.<br>• besef dat sy van drama hou/drama wou studeer.<br>• vir Hein beter leer ken/besluit om saam met Hein matriekafskeid toe te gaan.<br>• haar ma weer teruggekry.<br>• besef dat sy klaar was met versorger wees/bedel/geheime.<br>• geweet dat sy nie meer Regte wou studeer nie.<br>• besef dat daar baie mense is wat haar ondersteun/liefhet.<br>• hoop vir/hulp met haar toekomsplanne gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.19.2 | Ek het geleer dat ek ...<br>• die kans om iets nuut te probeer, moet gebruik/benut<br>• nuwe dinge moet probeer, want ek mag dalk daarvan hou.<br>• 'n kans kan gebruik om 'n nuwe toekomsdroom te skep.<br>• my talente moet gebruik.<br>• ander mense moet toelaat om my te help.<br>• vriende/aanvaarding/selfaanvaarding op vreemde plekke kry.<br>• 'n tweede kans op geluk kan kry/'n gelukkige lewe kan hê.<br>• ander mense tweede kanse moet gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.19.3 | Christien Jooste ...<br>• is nie meer in die kliniek nie/gerehabiliteer/het opgehou drink.<br>• was weer soos aan die begin die ma van die gesin/sou weer omsien na haar gesin/het weer haar kinders raakgesien.<br>• het weer klavier gespeel (voor mense).<br>• was netjies aangetrek.<br>• het 'n moontlikheid van werk gehad.<br>• het 'n nuwe haarstyl gehad.<br>• het gelukkig/oopmond gelag.<br>• en haar gesin was gelukkig saam.<br>• se gesin het haar vergewe/se familie-eenheid is herstel.<br>• het 'n geel blom in haar hare op die video.<br>• was daar om Lien te ondersteun.<br>• het weer haar ou/goeie lewe/hoop gehad.<br>• het konsert toe gegaan/gewys sy gee om vir Lien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: *POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Lambertsbaai/Upington | 1 |
| 5.1.2 | Jakkie/Eric/Jakkalsie | 1 |
| 5.1.3 | (pas)wet(te)/gedwonge verskuiwings | 1 |
| 5.1.4 | 15/vyftien | 1 |
| 5.2.1 | (Na) Mbatane/Ma Lena se man | 1 |
| 5.2.2 | • Hulle gee nie regtig vir hom om nie.<br>• Hulle sien hom nie as hulle pa nie.<br>• Hulle het nie 'n goeie verhouding met hom nie/hou nie regtig van hom nie.<br>• Hulle erken hom nie regtig as deel van die familie nie/het nie veel respek vir hom gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.3 | Poppie het ...<br>• vir Stone ontmoet.<br>• 'n verhouding met Stone begin.<br>• met Stone getrou.<br>• liefde gevind.<br>• werk as cleaner by die fabriek gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.4.1 | ironies | 1 |
| 5.4.2 | • Poppie het geweet hoe dit voel om nie skool toe te kan gaan nie (omdat sy Ma Lena se kinders moes oppas).<br>• Opvoeding was belangrik vir Poppie, (maar nou wil sy hê haar eie dogter moet skool los).<br>• Sy wou nie skool los om kinders op te pas nie, maar nou verwag sy dit van haar dogter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.4.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.5 | B/hartseer | 1 |
| 5.6.1 | personifikasie | 1 |
| 5.6.2 | Die boom ...<br>• praat met Ouma.<br>• buig af en bring vir Ouma die boodskap/sê vir Ouma dat die dood naby is/dat sy binnekort gaan sterf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.7 | Ouma Hannie het ...<br>• Poppie bekend gestel aan die Xhosa-kultuur/tradisies/geloof.<br>• met Poppie geraas as sy nie Xhosa gepraat het nie.<br>• Poppie van die Xhosa-manier van dinge doen geleer (bv. hoe om hout in bondels op haar kop te dra.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.8.1 | C/... was ontevrede omdat die kinders vir Oompie Pengi gelag het. | 1 |
| 5.8.2 | A/... is deur die kinders verneder omdat hy gedrink het. | 1 |
| 5.8.3 | D/... het verkeerde besluite geneem wat sy familie negatief beïnvloed het. | 1 |
| 5.8.4 | B/... het die trek moeilik gemaak vir Poppie omdat hy by sy pa wou bly. | 1 |
| 5.9 | Poppie het ...<br>• Ouma nie alleen gelaat terwyl sy besig was om dood te gaan nie.<br>• Mosie nie alleen by Ouma Hannie laat sit/by Ouma Hannie se "sterfbed" gelos nie.<br>• Ouma Hannie rustig probeer hou/sag en liefdevol met Ouma gepraat.<br>• vir Ouma Hannie haar geliefde lied gesing.<br>• alleen by Ouma Hannie se liggaam agtergebly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.10 | • Poppie het inslaapwerk in Constansie gekry.<br>• Poppie-hulle het 'n erf in Jakkalsvlei gekry.<br>• Poppie het in Mdantsane gaan bly.<br>• Poppie het by Mrs. Swanepoel begin werk.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.11 | In Mdantsane het Poppie ... ✓<br>• alleen/eensaam gevoel.<br>• niemand om haar gehad wat haar kon help nie.<br>• in 'n "rou" huis gebly.<br>• gesukkel om werk te kry wat goed betaal.<br>• net mielies geplant.<br>• nie 'n werkspermit nodig gehad nie.<br>• vrylik rondbeweeg.<br>• geen stakings beleef nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>In Nyanga het Poppie ... ✓<br>• haar mense om haar gehad.<br>• mense gehad wat haar kon ondersteun.<br>• 'n goeie/gevestigde huis gehad/'n huis gehad wat haar man vir haar gebou het.<br>• werk gehad wat goed/beter betaal het.<br>• 'n groentetuin gehad.<br>• 'n permit benodig.<br>• nie vrylik rondbeweeg nie.<br>• in vrees gelewe/stakings beleef.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 5.12 | • Poppie se oudste skoonsuster uit Johannesburg het vir haar 'n telegram gestuur waarin sy gesê het waar Stone begrawe gaan word.<br>• Mama het net vir Poppie gesê dat sy geld moet stuur omdat Stone siek is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.13.1 | skuldig gevoel het | 1 |
| 5.13.2 | Stone het ...<br>• alles wat hy gehad het vir Poppie en die kinders gestuur.<br>• sy hele salaris vir Poppie en die kinders gegee.<br>• nooit aan homself gedink nie (net vir Poppie en die kinders gesorg).<br>• sy eie behoeftes geïgnoreer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.13.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.14 | • Hy was nog nie bedlêend nie/aan die gang/besig gewees.<br>• Hy was nie in die hospitaal nie.<br>• Hy was nog sterk genoeg om vir haar 'n brief te kon skryf.<br>• Hy was nog nie so siek gewees dat hy net gelê het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.15 | Stone het so siek geword omdat ...<br>• hy by die melkery (in Philippi) gewerk het, (want almal daar het siek geword.)<br>• hy bekommerd was oor Poppie en die kinders wat ver van hom af gebly het.<br>• hy by die igqira/herbalist was wat vir hom die verkeerde medisyne gegee het/medisyne gekry het wat hom bloed laat afwerk het.<br>• sy maag hom gepla het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.16 | B/die hoop om gesond te word. | 1 |
| 5.17 | Mama het ...<br>• vir Stone omgegee soos haar eie kind/hom versorg/hom bygestaan/oxo-sous/glukosewater gegee omdat hy swak was.<br>• vir Poppie gevra om geld te stuur vir haar siek man.<br>• probeer om vir hom behoorlike medisyne/dokters te kry om hom te help.<br>• by hom gesit en hom vertroos terwyl hy gesterf het.<br>• vir Poppie laat weet haar man is siek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.18 | Poppie het geweet ...<br>• dat haar kinders skool toe sou kon gaan.<br>• daar is mense daar wat na hulle sou kon omsien.<br>• dat hulle veilig by familie sou wees/nie aan onluste blootgestel sou wees nie.<br>• sy sou beter vir hulle kon sorg as sy meer vryheid gehad het (bv. om "sleep-in" werk te kry.)<br>• haar kinders sou die familietradisies aanleer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.19.1 | Poppie het besef dat ...<br>• sy nie alles kan regmaak nie.<br>• die kinders self moet regkom/voortgaan.<br>• sy deur soveel swaar dinge in haar lewe is, dat sy die saak van Jakkie ook sal oorkom.<br>• daar altyd moeilikheid sal wees, al doen jy die regte ding.<br>• sy nooit moeilikheid gaan soek het nie.<br>• die Here jou lewe bepaal.<br>• sy vrede moet maak met haar omstandighede/haar daarby moet berus/dit moet aanvaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.19.2 | Ek het geleer dat ...<br>• die lewe sy eie pad met jou loop.<br>• net my geloof my kan red in baie omstandighede.<br>• ek nie die wil van die Here moet bevraagteken nie.<br>• daar goeie en slegte dinge in die lewe is.<br>• ek sterk genoeg is om probleme te kan hanteer.<br>• ek nie alles in die lewe moet bevraagteken nie/moet aanvaar dat daar dinge is wat ek nie kan verander nie.<br>• die dood finaal is, maar dat ek sal kan aangaan.<br>• ek familie moet aanvaar soos hulle is/nie verantwoordelikheid vir hulle foute kan aanvaar nie.<br>• ek nie moet moed/hoop verloor nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.19.3 | In die slot bid Poppie vir almal in Afrika.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1.1 | Uniondale | 1 |
| 6.1.2 | fiets | 1 |
| 6.1.3 | lag | 1 |
| 6.1.4 | Jan Mol | 1 |
| 6.2.1 | metafoor | 1 |
| 6.2.2 | • Bertie<br>• Die man wat vir Emma agter die trein vasgedruk het/wou soen.<br>• Die man wat onder haar rok wou vroetel.<br>• Die man met wie Nollie baklei het<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | D/haar gesin se sukkelbestaan op die klein stasietjie. | 1 |
| 6.4.1 | ontevrede | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.4.2 | Hendrik ...<br>• maak nie klaar waarmee hy begin nie.<br>• werk gereeld aan die ou Cortina, maar kry nie klaar daarmee nie.<br>• gee meer aandag/bestee meer geld aan die stukkende karre as aan sy gesin.<br>• maak beloftes wat hy nie nakom nie.<br>• praat van dinge wat hy gaan doen, maar dit word nie gedoen nie.<br>• maak die karre nie ordentlik reg nie, want dit breek weer.<br>• se fokus is meer op wat hy self wil doen/hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.4.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.5 | • Bertie het Emma teen die treintrok vasgedruk.<br>• Bertie het probeer om met Emma te vroetel.<br>• Bertie het Emma aangeval.<br>• Emma moes stoei om los te kom.<br>• Emma het geval toe Nollie vir Bertie wegruk.<br>• Bertie het bo-oor Emma geval.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6 | • By Manuel in die skuur was Willem ... ✓<br>○ rustig/kalm (omdat hy Manuel vertrou het.)<br>○ gemaklik in sy eie vel/om homself te wees.<br>○ gelukkig/vrolik.<br>○ net kind.<br>○ gretig om goed te leer.<br>○ se spraakprobleem nie 'n probleem nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>• By die McDonalds se huis was Willem ... ✓<br>○ gespanne (omdat daar probleme in die gesin was/omdat Hendrik hom bly druk het om te praat.)<br>○ onseker van homself/nie homself nie.<br>○ bot/toe/geslote/afgestomp/in homself gekeer.<br>○ se spraakprobleem altyd die fokuspunt.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.7 | • Katrien is besig om Nollie se wonde skoon te maak na sy geveg met Bertie.<br>• Hendrik prys Nollie oor hoe hy die situasie met Bertie hanteer het/Emma beskerm het.<br>• Hendrik skink/bied vir Nollie 'n dop/drankie aan.<br>• Hendrik vertel dat Nollie hom met die tjorrietjie/kar gaan help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.8 | As hy moed opgegee het, sou ...<br>• hy nie daar gewees het toe Bertie met haar moeilikheid gesoek het nie/sou hy haar nie teen Bertie kon beskerm nie.<br>• Emma nie weer klavier begin speel het nie.<br>• Emma nie die geleentheid gehad het om mooi aan te trek/na die Volstruisdans toe te gaan/Nollie se liefde te leer ken nie.<br>• Emma nie die moed gehad het om haar familie te konfronteer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.9.1 | D/... het Hendrik 'n dikdom Dirk genoem. | 1 |
| 6.9.2 | C/... het Willem eensaam laat voel. | 1 |
| 6.9.3 | A/... het die McDonalds oor verhoudings laat twyfel. | 1 |
| 6.9.4 | B/... het nie seker gemaak van die feite oor die McDonald-gesin nie. | 1 |
| 6.10 | • Die konstabels het Willem en Manuel se tekeninge in die skuur gesien.<br>• Manuel het uit die kerk gevlug.<br>• Katrien het die gate in Manuel se narrepak heelgemaak.<br>• Manuel het teruggegaan sirkus toe.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.11 | A/opgewonde | 1 |
| 6.12.1 | ironies | 1 |
| 6.12.2 | • Hendrik het self die voorbeeld gestel van iemand wat nie sy probleme hanteer nie/ook sy probleme ignoreer soos hy nou vir Emma beskuldig.<br>• Hendrik het ook in sy lewe al op 'n hoop gaan sit.<br>• Hendrik het konstant rondgetrek omdat hy jaloers was op die aandag wat Katrien van ander mans gekry het.<br>• Hendrik se stasie is eintlik 'n hoop waarop hy sit/iets wat hom eenkant/weg van die samelewing hou.<br>• Hendrik was die een wat gesê het hulle moet maak asof niks gebeur het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.12.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.13 | Emma verwys na hulle ...<br>• vuil klere.<br>• klere wat vol tamaties en eiers is.<br>• wat na die insident by die Volstruisdans so sleg lyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | Dit beteken dat ...<br>• hulle nie welkom was nie.<br>• die dorpsmense hulle nie daar wou gehad het nie.<br>• die dorpsmense hulle as buitestaanders beskou het.<br>• die dorpsmense nie met hulle wou meng nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.15 | • Dit is 'n klein/onsuksesvolle/stil/vervalle/vervelige/onbelangrike/ afgeleë stasie.<br>• Dit is 'n stasie waar daar nie veel gebeur nie.<br>• Die lewe op die stasie is vervelig.<br>• Die meeste mense wou nie graag daar bly nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.16 | Emma ...<br>• bly nie stil oor die dinge wat verkeerd is in haar gesin nie.<br>• staan nie terug van dinge waarmee sy nie saamstem nie.<br>• is bereid om te praat oor dit wat op haar hart is.<br>• is vasbeslote dat die hele gesin oor die probleme moet praat.<br>• laat nie toe dat haar pa haar/die situasie oorheers nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | As Katrien sou inmeng, sou ...<br>• dinge in die gesin nie verander het nie/die probleem met kommunikasie voortduur.<br>• Emma kwaad bly vir almal/die wêreld.<br>• Hendrik nie besef het dat hy moet verander nie.<br>• Emma nie haar hart uitgepraat het nie.<br>• Emma nie kon wys dat sy volwasse genoeg was om haar opinie te lug nie.<br>• dit Emma en Hendrik se verhouding/kommunikasie belemmer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.18 | Dit was Oudokter wat dit vir Hendrik gesê het. | 1 |
| 6.19 | • Die dorpsmense het om verskoning kom vra vir hulle optrede by die Volstruisdans.<br>• Die dorpsmense het saam met die McDonalds gekuier/hulle aanvaar.<br>• Hulle het versoen/vrede gemaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.20.1 | • Willem het weer gepraat.<br>• Willem se verhouding met sy pa/Hendrik het verbeter.<br>• Willem het graag sy toertjies vir ander gewys.<br>• Willem was weer gelukkig.<br>• Willem het weer in sy eie bed/kamer geslaap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.20.2 | Ek het geleer dat ...<br>• die klere wat jy dra nie bepaal wie of wat jy is nie.<br>• al verf jy jou gesig, beteken dit nie jy is besig met duiwelsdinge nie.<br>• ek mense nie op grond van hoe hulle lyk/wat hulle dra moet oordeel nie.<br>• 'n nar ook ernstig kan wees oor dinge van die lewe/nie net grappies maak nie.<br>• narre ook gevoelens het/seerkry.<br>• dit nie saakmaak wat jy kerk toe aantrek nie/die rede waarom jy kerk toe gaan die belangrikste is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.20.3 | Hendrik en Katrien ...<br>• se verhouding het positief geëindig.<br>• het mekaar aan die einde weer gevind.<br>• het weer saam gedans/gelag/in mekaar se ore gefluister/beter met mekaar gekommunikeer.<br>• was weer gelukkig.<br>• het mekaar weer vertrou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | agtste/agste/8ste | 1 |
| 7.1.2 | Wolwekraal | 1 |
| 7.1.3 | Goldsbury | 1 |
| 7.1.4 | bruin/bruinmense | 1 |
| 7.2.1 | vergelyking | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.2.2 | • In die mis ...<br>○ kon 'n mens nie mooi sien wie dit was nie.<br>○ kon jy net sien dis iemand, maar nie wie nie.<br>○ het jy net die figuur gesien.<br>• Soos 'n gedaante ...<br>○ verwys na iemand wat spookagtig/soos die dood/wandelende siel/emosioneel uitgeteer/verskrik/bang lyk.<br>○ verwys na iemand wat slegte nuus gekry het/in skok/ ongeloof/bekommerd/wit geskrik was.<br>○ dui op iemand wat 'n skadu van die self is.<br>• Die beeld skep 'n onheilspellende/negatiewe atmosfeer.<br>• Barta verskyn skielik uit nêrens/asof sy deur die mis sweef.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.3 | • Daar is baie bome./Die bome groei dig op mekaar.<br>• Die plantegroei is dig.<br>• Daar is nie baie lig nie./Dis donker.<br>• Daar is olifante en ander ongediertes wat 'n mens kon aanval.<br>• Die Bos is groot.<br>• Daar is baie voetpaaie.<br>• Daar is nie goeie/regte paaie nie.<br>• Daar is nie rigtingaanwysers in die Bos nie.<br>• Die baie kinderspore in die Bos maak dit moeilik om jou eie spoor terug huis toe te kry/vir mense om na jou te soek.<br>• Alles het dieselfde gelyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.4 | C/...ongeduldig | 1 |
| 7.5 | • Met die hout<br>• Om hout te kap/bome af te kap<br>• Om balke te maak/te saag<br>• Werk op die steier<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6 | • In die Lange Kloof/By Fiela-hulle het hy ... ✓<br>○ alles by die ander kinders geleer wat hulle in die skool geleer het.<br>○ van die Bybel geleer.<br>○ somme by *Miss* Baby geleer.<br>○ geleer lees en skryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>• In die Bos het hy ... ✓<br>○ nie skoolwerk geleer nie/net gewerk.<br>○ Nina geleer lees en skryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.7 | Met haar storie oor 'n ander kind wat in soortgelyke omstandighede dood is, ...<br>• neem tant Malie Lukas se ouers se hoop weg/sê sy hy sal nie terugkom nie/praat sy hulle nie moed in nie, (maar ontmoedig hulle eerder).<br>• skep tant Malie die ergste scenario.<br>• reageer sy eintlik negatief i.p.v. om positief te wees.<br>• tree sy op as doemprofeet/bring sy die ergste by die mense tuis/is sy nie simpatiek nie/skep sy spanning by Barta. *(Aanvaar nie "nie sensitief" nie)*<br>• maak sy die ander mense bang/ontstel hulle met woorde soos: dood/gesterf/verkluimde liggaam/begrafnis.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.8.1 | E/... se aggressie het sy kinders van hom weggestoot. | 1 |
| 7.8.2 | C/... het Lukas in die Bos beskerm en dit het die ander karakters ontstel. | 1 |
| 7.8.3 | A/... het verkeerd opgetree deur ander mense se goed sommer net te vat. | 1 |
| 7.8.4 | B/... het sonder simpatie opgetree toe hulle die kind van die plaas af weggevat het. | 1 |
| 7.9 | Elias ...<br>• laat Barta voel sy is lastig/pla hom as sy oor die kind praat.<br>• sê hy is besig (met die hout).<br>• gaan net aan met dit waarmee hy besig is en help nie soek nie.<br>• reageer nie dadelik op die situasie nie.<br>• sê vir al die ander wat hulle moet doen, maar doen self niks.<br>• fokus net op homself/sy eie situasie.<br>• se kind is weg, maar hy bekommer hom net oor sy skelmstreke/ om die olifanttande by die skepe te kry.<br>• gee kort/kortaf antwoorde/is ongeduldig/geïrriteerd/ongeskik met Barta/onsimpatiek teenoor Barta.<br>• is nie deel van die gesprek nie/praat met homself.<br>• ontken dat die kind weg is/is nie saam met die ander bang/ bekommerd oor die kind nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.10 | • Die magistraat het gesê Benjamin moes in die hof verskyn.<br>• Benjamin is saam met die Van Rooyens Bos toe.<br>• Boswagter Kapp het gaan hoor hoe dit met Lukas in die Bos gaan.<br>• Lukas het Nina tot by Diepwalle geneem toe sy op Knysna moes gaan werk.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.11.1 | (Die) Bybel | 1 |
| 7.11.2 | Fiela bedoel dat ...<br>• sy nie/nooit sal lieg/jok nie/sy 'n eerlike/eerbare mens is (omdat die Bybel vir haar so belangrik is).<br>• sy uit respek vir die Bybel die waarheid sal vertel.<br>• sy 'n Christenvrou/kerkmens/vrou met 'n groot geloof is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.12.1 | ironie | 1 |
| 7.12.2 | • Barta het reeds in die hof gelieg toe sy gesê het Benjamin is haar seun, Lukas.<br>• Barta het reeds toegelaat dat ander haar voorsê.<br>• Fiela het geweet Barta sou nie weet wat die kind aangehad het nie.<br>• Fiela is nooit geroep om getuienis te lewer nie, maar sy is bereid om Barta deel te maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.12.2 te verdien.)* | 1 |
| 7.13 | Sy bedoel dat sy nederig moet bly/nie kwaad moet word nie/kalm moet bly/die minste moet wees/nie terugpraat nie/onderdanig moet wees/smeek/pleit.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.14 | • Fiela het Benjamin se besittings/goed/(dasvel)kombers/klere by die Van Rooyens gaan afgee.<br>• Fiela het hom by die Van Rooyens gaan soek/was Bos toe/by die Van Rooyens se huis.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.15 | C/die onregverdige politieke situasie van die tyd. | 1 |
| 7.16.1 | gehoorsaam wees aan die wet | 1 |
| 7.16.2 | • Fiela het geweet wat die wet sê/dat sy geen kans teen die wet staan nie.<br>• Fiela was al die jare bang dat so iets sou gebeur (daarom het sy Benjamin weggesteek/weggehou van die skool af, ens.).<br>• Fiela het geweet dat die wet haar nie sou bevoordeel nie.<br>• Fiela het geweet dat dit die lewe vir haar kind, Benjamin/haar gesin moeiliker sou maak as sy opstandig sou raak.<br>• Fiela was bang dat die magistraat haar sal laat toesluit/in die tronk gooi.<br>• Fiela het geweet die wet is magtiger as haar wil.<br>• Bruinmense kon nie wit kinders hê nie.<br>• Die magistraat het gedreig om haar te laat volg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.16.2 te verdien.)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.17 | Fiela ...<br>• wys respek teenoor die magistraat, bv. in hoe sy hom aanspreek.<br>• bly kalm.<br>• wys nie hoe sy regtig voel nie/kwaad sy is nie.<br>• praat nie lelik of kwaai nie/is nederig.<br>• sê duidelik dat sy nie moeilikheid soek nie.<br>• sê sy sal nie lieg nie.<br>• is 'n wetsgehoorsame burger.<br>• is bereid om haarself te verneder/te veg om haar kind te kry/nie bang nie/onverskrokke.<br>• sê sy sal by die magistraat se besluit berus.<br>• wys hoe gelowig sy is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.18 | Selling het ...<br>• aandag aan Benjamin gegee.<br>• hom van water en skuitjies geleer/leer roei.<br>• saam met hom gespeel.<br>• vir hom gesê hoe hy die magistraat in die hof moet aanspreek.<br>• vir Fiela gesê sy moet Benjamin los as hy dinge wil doen (soos met die volstruise).<br>• Benjamin geken/geweet hy is nie iemand vir agter draf nie/se hart geken/raakgesien dat daar emosioneel fout was met hom toe hy teruggekom het Lange Kloof toe.<br>• Benjamin liefgehad/soos sy eie grootgemaak/gewys hoe om 'n liefdevolle man te wees/nie geslaan/mishandel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.19.1 | • Lukas het na baie jare weer tyd saam met Fiela-hulle deurgebring.<br>• Lukas het kans gehad om oor sy verhouding met Nina te dink.<br>• Lukas het sy gevoelens vir Nina met Fiela bespreek.<br>• Fiela het vir hom die raad gegee om terug te gaan na Barta toe, want net sy het die antwoorde op sy vrae geken.<br>• Lukas het weer liefde en omgee ervaar.<br>• Lukas kon sien die Komoeties het hom nie vergeet nie.<br>• Lukas het gehoor hy gaan die Laghaanse se grond kry/kon saam met die Komoeties 'n toekoms bou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.19.2 | Ek het by hom geleer om ...<br>• aan te hou soek na die waarheid/(ware) identiteit.<br>• te onthou waar ek vandaan kom.<br>• nie die mense wat my grootgemaak/opgevoed/liefgehad het, te vergeet/eenkant toe te skuif nie.<br>• by ouer mense/mense wat my ken raad te vra.<br>• geduldig te wees.<br>• te bly glo in wie ek is.<br>• nooit op te gee op iets wat saakmaak nie.<br>• my eie hart en gedagtes te vertrou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.19.3 | • Fiela was bly dat Benjamin gekies het om haar kind te wees nadat Benjamin die waarheid by Barta gehoor het.<br>• Fiela het nooit opgehou om sy ma te wees nie.<br>• Fiela en Benjamin was ma en seun.<br>• Fiela kon nou sy ma en hy haar seun wees.<br>• Fiela kon Nina as deel van Benjamin/Lukas se lewe ervaar/ aanvaar.<br>• Fiela was steeds sy beskermer.<br>• Fiela sou so bly wees dat Benjamin teruggekom het/hom met ope arms verwelkom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C: KORTVERHALE

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **'OPDRAG' – Rike Olivier**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 (a) | 17/sewentien | 1 |
| 8.1.1 (b) | Jordaantjie/Jordaan | 1 |
| 8.1.1 (c) | verslag/leesverslag | 1 |
| 8.1.1 (d) | winter | 1 |
| 8.1.2 (a) | • Elizabeth (van die jeugroman)<br>• Die hoofkarakter/die meisie in die boek wat sy lees/*Pot vol winter*<br>• Die meisie oor wie se lewe en besluite sy 'n verslag moet skryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.2 (b) | • Dit is Sarah se gedagtes oor die boek wat sy lees.<br>• Dit is die notas wat Sarah oor die boek maak.<br>• Dit is Sarah se idees oor Elizabeth.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.3 (a) | Haar ouers ...<br>• weet nie wat in die lewe van tieners aangaan nie.<br>• vind dit moeilik om aan te pas by/te praat oor tienersake.<br>• praat nie openlik oor sensitiewe tienersake nie.<br>• is oningelig/dom (oor hierdie sake).<br>• verstaan nie dat dinge en tye verander het nie.<br>• dink alles is nog soos dit was toe hulle self tieners was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.3 (b) | Sy kan nie openlik met haar ouers oor haar vrae/probleem/wroeging praat nie/advies vra oor tienerseks of gevoelens vir Gerrie nie./Haar ouers kan haar nie help nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.4 | metafoor | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| | | |
|---|---|---|
| 8.1.5 | • E se verhouding met Kurt is ... ✓<br>○ gebaseer op selfsug en lafhartigheid.<br>○ kompleks (want sy het hom nodig om haar lief te hê.)<br>○ bloot fisiese aantrekkingskrag/physical attraction.<br>○ om uit haar ongelukkige huislike omstandighede te ontsnap.<br>○ gebaseer op haar behoefte aan warmte wat sy nie tuis kry nie.<br>○ beïnvloed deur die probleme in haar ouers se huwelik/die feit dat haar pa 'n ander verhouding het.<br>○ om haar beter oor haarself/haar lewe te laat voel.<br>○ net vir nou.<br>• Kurt pas nie by Elizabeth nie.<br>• E+K het al seks gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>• Sarah se verhouding met Gerrie is ... ✓<br>○ veel meer/dieper as net die fisiese/gebou op beste vriendskap.<br>○ op liefde gebou.<br>○ bedoel vir langer as net nou/vir die toekoms.<br>○ nie om weg te kom van verkeerde dinge in haar gesin/tussen haar ouers nie.<br>○ gebaseer op albei se aantrekkingskrag tot mekaar/hulle click met mekaar.<br>• Gerrie pas by Sarah.<br>• S+G het nog nie seks gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.1.6 | C/die gaping tussen generasies | 1 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.7 | Sarah se ouers ...<br>• gesels heeltyd met mekaar.<br>• praat dinge uit wanneer hulle verskil.<br>• maak weer vrede nadat hulle verskil het.<br>• wys openlik/vir ander dat hulle lief is vir mekaar (bv. deur hande vas te hou of styf langs mekaar op die bank te sit).<br>• laat nie ruimte vir verhoudings met ander persone nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.8 (a) | objektiewe | 1 |
| 8.1.8 (b) | • Sy stel voor dat die biblioteek die boek aankoop.<br>• Sy beveel aan dat die boek in klasbesprekings oor tienerseks gebruik kan word<br>• Haar aanbeveling gaan nie net oor haarself nie, want sy hoop die boek kan ander tieners ook help.<br>• Sy dink krities oor die saak/oorweeg alle moontlikhede voor sy die aanbeveling maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.1.8 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.1.8 (b) te verdien.)* | 1 |
| 8.1.9 (a) | Sarah het besef dat sy ...<br>• nie oorhaastig moet besluit nie/sal wag vir die tyd om seks te hê.<br>• nog met ander tieners hieroor moet gesels (bv. in klasbesprekings/die Voorligtingklas).<br>• met haar ouers behoort te gesels.<br>• bo alles haar verhouding met Gerrie wil beskerm/keer dat dit tot niet gaan omdat sy verkeerde keuses gemaak het.<br>• eendag die inligting kan gebruik om die regte keuse te maak/ haar eie boek te skryf/'n storie te skryf waarin woorde en dink en voel by mekaar uitkom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.9 (b) | Ek kan leer dat ...<br>• ek nie alleen met sekere sake hoef te worstel nie.<br>• kommunikasie baie belangrik is.<br>• ek nie hoef te doen wat ander doen nie, maar moet doen wat reg is vir mý.<br>• oorhaastige besluite baie nadelige gevolge kan hê.<br>• as ek vrae vra, sal ek antwoorde kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.9 (c) | • Aan die einde het Sarah 'n nugter/verantwoordelike besluit geneem.<br>• Met die besluit wat Sarah geneem het, het sy haar verhouding met Gerrie beskerm/voorkom dat haar verhouding met Gerrie dalk doodloop.<br>• Sarah het as mens gegroei en het goeie besluite geneem.<br>• Sarah het haar opdrag suksesvol voltooi.<br>• Sarah het gehoop Jordaantjie sou tevrede wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 8.2 'KRINGLOOP' – Ruto Vambo

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.1 | • Lande het besluit dat hulle nooit weer kerntoetse op die aarde sou uitvoer nie.<br>• Gideon de la Mer het voorgestel dat hulle toetse op Mars moes doen.<br>• Mars se mense het lewe op Aarde vernietig.<br>• Gideon de la Mer is geteer en geveer.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 8.2.2 | • Hy was 'n uitmuntende kernfisikus/wetenskaplike/slim.<br>• Hy het kennis van kerntoetse gehad.<br>• Hy het visie gehad.<br>• Sy plan sou nie die verdrag tussen lande verbreek nie.<br>• Hy was op die regte tyd op die regte plek.<br>• Hy het alles bereken en kripties beantwoord.<br>• Hulle het hom bewonder vir sy briljante idees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.3 | D/respekteer | 1 |
| 8.2.4 | • Kokende stoom<br>• Lawa<br>• Bestralingsiekte<br>• Baie mense (gaan) sterf.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.2.5 | • Die mense/ekspedisie/afvaardiging wat (na die oppervlak) gestuur is om uit te vind wat gebeur het, het bewyse gebring dat Aarde hulle aangeval het.<br>• Hulle het bewyse van Aarde af gebring./Daar was bewyse (dat Aarde hulle aangeval het.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.6 (a) | die mense van Mars laat besef wat hulle moet doen om Aarde te vernietig | 1 |
| 8.2.6 (b) | Die mense van Mars het ...<br>• besef dat daar wel lewe op Aarde is/metaalagtige monsters op Aarde is wat vernietig kan word.<br>• Aarde se eie tegnologie teen hulle gebruik.<br>• 'n middel gevind wat metaal in as laat verkrummel.<br>• gereed gestaan om 'n kapsule te lanseer wat die Aarde kon vernietig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.2.6 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.2.6 (b) te verdien.)* | 1 |
| 8.2.7 (a) | D/gee vroeg reeds die idee van iets wat herhaal gaan word. | 1 |
| 8.2.7 (b) | C/dramatiese effek om fokus te versterk | 1 |
| 8.2.7 (c) | E/gee duidelike prentjies vir die leser. | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.7 (d) | A/lei tot afwagting en verwagting dat dinge gaan ontwikkel. | 1 |
| 8.2.8 | • Hy het stilgebly oor iets belangrik/oor die verskynsel in die naghemel.<br>• Hy het belangrike dinge as 'n beuselagtigheid/nietigheid afgemaak, (terwyl dit eintlik iets groots was).<br>• Hy het nie vir ander kundiges gevra wat hulle dink nie/genoegsame navorsing oor Mars gedoen nie.<br>• Hy het nie regtig aandag daaraan gegee en probeer uitvind wat die verskynsel in die naghemel is nie.<br>• As hy iets gedoen het, kon hy dalk die aanval op Aarde voorkom het.<br>• Hy het verkeerde advies gegee (soos om kernwapens op Mars te toets).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.9 (a) | (Tydens die Donker Eeue in die geskiedenis) het gevestigde samelewings tot niet gegaan/in haglike omstandighede verval. | 1 |
| 8.2.9 (b) | • Dit pas hier, want eers het Mars en daarna Aarde byna heeltemal tot niet gegaan/in haglike omstandighede verval/albei is aangeval.<br>• Die aarde verval in donkerte.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

## AFDELING D: GEDIGTE

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 'Die dans van die reën' – Eugène N. Marais

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | (Na die) Kalahari(woestyn)/die woestyn waar die Khoi/San/Khoi-San mense/Jan Konterdans bly | 1 |
| 9.1.2 (a) | lied (van die vioolspeler/Jan Konterdans/uit die Groot Woestyn) | 1 |
| 9.1.2 (b) | bulttop | 1 |
| 9.1.2 (c) | (saggies) sing (saggies)/nader kruip en saggies sing | 1 |
| 9.1.2 (d) | son | 1 |
| 9.1.3 | (Met 'n) troue/bruilof | 1 |
| 9.1.4 | "wyd rek hulle die neusgate"<br>*(Geen penalisering indien die reël NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)* | 1 |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.5 | • Inkeping/tipografiese wit/wit spasie<br>• Herhaling/repetisie (van "Ons Suster!"/"Jy het gekom!")/word twee keer gesê<br>• Die gebruik van uitroeptekens/!<br>• Gebruik van die direkte rede/die kleinvolk se eie woorde<br>• Kort sinne<br>• Halfrym/alliterasie/assonansie<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 9.1.6 | • voorkop<br>• arms<br>*(Twee aparte woorde)* | 2 |
| 9.1.7 | • Die versreëls is nie ewe lank nie.<br>• Die strofes is nie ewe lank nie.<br>• Daar is nie 'n vaste rympatroon nie/gebroke rym.<br>• Leestekens word nie volgens gewone reëls gebruik nie. (*Kandidaat kan voorbeelde van die leestekens noem wat nie volgens die gewone reëls gebruik word nie gee*.)<br>• Die gedig het 'n ongewone tipografie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.8 | C/dankbaar | 1 |
| 9.1.9 | • Almal sien die reën van ver af oor die berg.<br>• Daar is weerlig en blitse.<br>• Die diere sien die eerste reëndruppels op die grond.<br>• Die reën val hard en oor 'n wye gebied.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 9.1.10 | Ek het geleer dat ...<br>• almal reën nodig het om te oorleef.<br>• reën mens en dier opgewonde/vrolik/bly/gelukkig maak.<br>• mens en dier in die woestyn groot waardering het vir reën.<br>• reën soveel emosie bring dat dit amper soos jou suster/'n familielid voel.<br>• reën hoop/nuwe lewe/vrugbaarheid bring.<br>• ons dankbaar moet wees wanneer dit reën.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

9.2 **'Eksamenlokaal' – Suzaan Laing**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | • Die **klik/klank** van haar skoene/harde geluid wat die skoene maak✓ teenoor die **stilte** in die lokaal. ✓<br>• Die leerders sit **tjoepstil** ✓ in die lokaal, maar die onderwyseres se skoene **klink hard** ✓ op die houtvloer.<br>• Leerlinge **sit** (stil) ✓ maar die onderwyser **loop** op en af. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien ook die algemene nasienriglyne. Aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 2 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.2 | "September(eksamen)(lug)"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)* | 1 |
| 9.2.3 | • "Die horlosie tel twee ure af."<br>• Die gedig verwys na twee ure.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.4 (a) | gespanne | 1 |
| 9.2.4 (b) | • Hulle hande bewe/is nie stabiel nie.<br>• Hulle skryf lelik/onnet/deurmekaar/slordig/laat 'n deurmekaarspul/warboel van woorde agter.<br>• Hulle krap hulle antwoorde uit.<br>• Rukkerige bewegings dui op senuweeagtigheid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 9.2.4 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 9.2.4 (b) te verdien. Aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 1 |
| 9.2.5 (a) | • Die **skoon** antwoordblaaie/eksamenboeke/eksamenskrifte/ (folio)papier (waarin/op) hulle skryf.<br>• Dit is die **begin** van die skryfproses.<br>• Dit is toe die antwoordstelle/papier **net uitgedeel** is.<br>• Hulle het **nog nie begin** skryf nie.<br>• Die kandidaat het nie die antwoorde geken nie en daarom baie vrae oopgelaat, daarom is daar **baie wit op die papier**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.5 (b) | Die papier/antwoordskrif/eksamenboek is nou ...<br>• vol geskryf.<br>• vol ink/inkkolle.<br>• vol penmerke.<br>• nie meer skoon nie./"blou op wit"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.6 (a) | • Die kinders moet letterlik die voltooide eksamenskrifte ingee./Die kinders is klaar met die eksamen./Die onderwyseres neem die antwoordstelle in. ✓<br>• Dit verwys ook na die kennis wat die kandidate weergegee het/hulle antwoorde. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 9.2.6 (b) | "ryp"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)* | 1 |
| 9.2.7 (a) | D/Onomatopee | 1 |
| 9.2.7 (b) | C/'n Metafoor | 1 |
| 9.2.7 (c) | A/Alliterasie | 1 |
| 9.2.8 | ('n) tersine | 1 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.9 | • Dit skep 'n ruimte vir waar die handelinge plaasvind/waar die kinders sit/eksamen skryf.<br>• Dit skep alreeds 'n toon van die begin van die gedig af.<br>• Dit sê reg van die begin af waaroor die gedig/inhoud handel./Die gedig gaan oor die eksamen/kandidate wat eksamen skryf.<br>• Dit skep afwagting/'n atmosfeer van eksamen wat gaan plaasvind.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.10 | • Ek is self besig om 'n eksamen af te lê/te skryf.<br>• Dit is iets waardeur alle skoolkinders gaan.<br>• Almal moes al een of ander tyd 'n eksamen aflê.<br>• Dit handel oor die skryf van 'n eksamen en almal weet hoe dit voel.<br>• Die beskrywing is geloofwaardig – almal kan die prentjie in hulle geestesoog sien.<br>• Dit laat my dink aan onderwysers wat toesig hou waar ek eksamen skryf.<br>• Ek kan die atmosfeer of spanning in die eksamenlokaal herroep.<br>• Die klanke/gevoelens/omstandighede in my eksamenlokaal is dieselfde.<br>• My juffrou se skoene raas ook as ek eksamen skryf.<br>• Tyd gaan ook stadig/vinnig verby as ek eksamen skryf.<br>• Dit is ook stil in die lokaal waar ek eksamen skryf.<br>• Ek skryf ook my antwoorde in blou ink.<br>• Ek het ook al 'n dag voor die tyd gestudeer.<br>• Ek het ook al onnet/deurmekaar geskryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African